

**Slegs deur geloof het 'n mens ware gemeenskap met Jesus**

In Jesus se ontmoeting met Jaïrus en die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, het ons te doen met 'n verhaal binne 'n verhaal. Jesus is nog te midde van die skare se gedrang op pad na die sterwende, twaalfjarige dogtertjie van Jaïrus toe, wanneer 'n tweede krisis skielik opduik. 'n Vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, beur deur die skare en raak van agter af aan die soom van Jesus se kleed.

Dit was nodig dat hierdie vrou eers Jesus se onverdeelde aandag kry, want haar omstandighede was werklik desperaat. Vanweë haar voortslepende siekte was haar liggaamskrag gedreineer, haar finansiële reserwes uitgeput en daarby was sy ook 'n mens in isolasie. As gevolg van haar blywende onreinheid (vgl Lev 15:25-27) was dit vir haar verbode om die **tempel** te besoek of ander **mense** aan te raak. Ons sou dus met reg kon sê dat sy vanweë haar siekte eintlik al twaalf jaar lank lewend tog dood was, omdat sy van die gemeenskap met God en medemens geïsoleer was.

Nou deurbreek sy egter daardie dodelike isolasie deur die **geloof**. Sy het van Jesus gehoor, en sy het vas geglo dat Hy haar kan genees. Daarom soek sy met totale oorgawe en oortree selfs die reinheidswette van die ou bedeling wanneer sy in die geloof uitreik na die kleed van Hom in wie die lig van die nuwe bedeling helder deurgebreek het. In vers 48 bevestig Jesus die belangrike feit dat **Hy** die vrou genees het omdat sy **geglo** het, en nie omdat daar geheime kragte in sy klere sit nie. Hierdie selfde **geloof** staan ook prominent voorop wanneer Jesus minute later die twaalfjarige dogtertjie uit die dood aan haar dankbare ouers teruggee.

Vandag, twee duisend jaar ná hierdie twee wonderwerke, is Jesus se liefde steeds onveranderd. Elke genesing kom van Hom en mense wat geestelik dood is word opgewek deur die wederbarende werking van die Heilige Gees. Eendag wanneer Hy weer kom, sal Hy ook jou liggaam in onverganklike heerlijkheid opwek!

Sing: Psalm 48:1,4

Ds JJ Cloete (Koster)